

## Woensdag 10 April

**Skrifgedeelte: Amos 9:1-15**

**Fokusgedeelte: Amos 9:11, 12**

### **'n Belofte van verandering wat gaan kom!**

Amos preek teen die sondes van die Noordryk (Samaria) in die tyd van Jerobeam II (786-746 vC). In dié tyd het die rykes die armes en die weerloses uitgebuit (Amos 4:11). Niemand sal die oordeel van die Here kan ontvlug nie. Israel het gedink dat hulle beter is as die volke rondom hulle. God se uitverkore volk en dus onaantasbaar. Die Here sê dat hulle dieselfde is as die Kussiete, Filistyne en Arameërs. Geen nasie of mens kan homself verhef en dink dat hy beter is as die ander nie.

Dan kom 'n verandering. God belowe, reeds eeue voor Christus, dat Hy iets nuuts sal gee. Dit wat Hy aan Dawid beloof het, 'n ewige koning op die troon van Dawid, gaan in vervulling (2 Sam. 7:11, 12). 'n Groot deel van Israel gaan verlore omdat nie almal werklik volk van die Here is wat gebore Israeliete is nie (Rom. 9:6). Net soos vandag nie almal gelowiges is wie se name iewers op 'n kerk se lidmateregister verskyn nie! Vir dié wat regtig glo, kom iets nuuts.

Dit het gebeur toe Christus gebore is. Hy het nie 'n aardse koninkryk gebring soos wat die Jode van sy tyd verwag het nie, maar die Koninkryk van God. Hy kom maak reg wat stukkend gegaan het tussen God en mens.

Jakobus haal hierdie gedeelte aan in Handeling 15:16, 17 en sê dat God se nuwe toekoms nou almal insluit wat in Jesus Christus as Verlosser glo. Dat God uit die heidene mense sal laat kom na die kerk. Ek en jy het hiervan deel geword. Ons is die vrug van die sending. Met 'n verdere toekomsbelofte van 'n nuwe hemel en aarde waarop geen pyn en die dood meer sal wees nie. Dan gebeur dit dat die berge van druiwesap sal drup.

Nou: Glo jy dat hierdie belofte ook vir jou bedoel is?

*Sing: Skrifberyming 18-6:1-5*

*Ds. JF Mouton (Koos) (Potchefstroom-Moorivier)*